Kom Ons Maak Gereed!

Kopiereg © 2010 deur Renee Lighton

Kopiereg © 2010 deur Renee Lighton

Die reg van Renee Lighton om as die Outeur van die Werk geidentifiseer te word, word verklaar in ooreenstemming met die Wet op Kopiereg 98 van 1978.

Alle regte voorbehou, waar die materiaal as geheel of gedeeltelik van toepasing is, spesifiek die regte van vertaling, hergebruik van illustrasies, resitasie, uitsending, reproduksie op ander maniere asook die stoor daarvan in data banke. Geen deel van hierdie publikasie mag geherproduseer of versend word, in enige vorm of op enige manier, sonder geskrewe toestemming van die Outeur.

Eerste Publikasie in Suid-Afrika 2010

Deur

New Voices Publishing

Kaapstad, Suid-Afrika

www.newvoices.co.za

Eerste Uitgawe April 2010 in sagteband

ISDN: 978-1-920411-20-6

Illustrasies deur Alice Gelderblom Waddilove

INHOUD

Voorwoord	4
Hoekom leer deur middel van spel?	5
Die skep van speelruimtes	7
Woordeskat	10
Maak 'n boek	13
Terminologie	14
Gepaste ouderdomsaktiwiteite	16
Die Kurriculum	17
Advertensies	21
Kartondose	27
Ontbytgraandose	31
Bordkryt	37
Houers	42
Eierhouers	43
Papierborde	45
Polistireenbakkies	50
Smarties	55
Tandestokkies	61
Tandepastabuisies	62
Speel "Ek sien iets met my klein ogie…"	64
Addisionele speletjies en idees	65

Voorwoord

Ek het die voorreg gehad om saam met verskeie onderwysers en ouers te kon werk en dis te danke aan hulle entoesiasme en terugvoering oor die opvoedkundige werkswinkels wat ek aanbied, dat ek uiteindelik begin het om hierdie boek te skryf.

Hierdie boek is 'n bron vir onderwysers en ouers wat opvoeding deur middel van spel as pret benader. Dit word moontlik gemaak deur artikels te gebruik wat in die huis beskikbaar is.

Ek glo dat ons meer as genoeg bronne beskikbaar het - die geheim is om ondernemend te wees in ons benadering tot opvoeding.

Daar is 'n wonderlike gesegde: **"Verander die manier waarop jy na dinge kyk, en die dinge waarna jy kyk sal verander."**

Renee Lighton

Hoekom leer deur middel van spel?

"Vir sukses is houding net so belangrik soos vermoë."

- Sir Walter Scott

Wat is jou houding teenoor opvoedkunde? Het jy dit geniet om skool toe te gaan? Voel jy dat die opvoeders alles moet doen? Is die voordele van leer deur middel van spel in pleks van volgehoue repetisie van konsepte vir jou duidelik?

- **Speel** veroorsaak 'n verstandhouding met die kind op 'n ontspanne, prettige manier.
- Dit is 'n positiewe, lekker ondervinding.
- Ons is geneig om positiewe, lekker ondervindings te herhaal en om moeilike, negatiewe ondervindings te vermy.
- **Die speel** van speletjies bied onbeperkte oefening!
- Selfvertroue word versterk.
- **Speel** bied die basis vir opvoeding.

Hierdie boek sal jou, as 'n ouer en onderwyser, bemagtig om vertroue te hê in jou vermoë om jou kind te stimuleer en sy kennis uit te brei deur middel van die speel met items wat reeds in jou huis beskikbaar is.

Tussen die ouderdomme van 0 en 6 jaar leer ons die meeste. Ons opvoeding begin by dag een, en nie wanneer ons by Graad 1 instap nie! Inter-konneksies in die brein word gevorm, neurone maak kontak en die proses van opvoeding begin! Mettertyd sal jy meer kennis opdoen van watter vaardighede 'n kind nodig het om te ontwikkel, en hoe jy hierdie vaardighede kan ontwikkel deur artikels wat in die huis beskikbaar is, te gebruik. Sodoende sal jou kind beter voorbereid wees om die uitdagings en die avontuur van skool en van die lewe in die gesig te staar!

Terwyl jy met 'n kind speel is jy ontspanne, aanwesig, betrokke, deelnemend en geniet jy die tyd wat julle saam spandeer, ongeag van die hoeveelheid tyd wat jy daaraan spandeer. Maak seker om die beskikbare tyd optimaal te gebruik. Speel speletjies in die motor, oppad na die dagsorg, in die supermark, by die etenstafel of gedurende badtyd. Die idees in hierdie boek sal jou help om die beste te maak van die beskikbare kwaliteit tyd saam met jou kind.

Korter, vinnige speel-sessies sal jou kind se selfbeeld en selfvertroue 'n hupstoot gee. Ons geluk is afhanklik van ons seflbeeld en selfvertroue. Dit is wys om 'n geloofwaardigheidssisteem in 'n kind te kweek wat bevestig dat dit voordelig en goed is om nuuskierig te wees en om opgewonde te raak oor nuwe dinge.

Deur middel van spel verbeter konsentrasievermoë en word kognitiewe, sosiale, waarnemendheidsvaardighede asook taal- en verbeeldingsvaardighede verbeter. Dit help ons om sin te maak van die wêreld waarin ons lewe, en help ons om die nodige lewensvaardighede aan te leer. Ons leer hoe om mededeelsaam te wees, beurte te neem, te wen, te verloor, hoe om ander mense met respek te behandel en verdraagsaam te wees.

Verskille tipes spel ontwikkel verskillede aspekte van 'n kind. Ons moet binne- en buite spel aanmoedig, raserige en stil spel, alleenspel en spel saam met iemand. Spel moet ook keuses insluit bv. soms kry ek die kans om te kies watter speletjies ek wil speel, en soms nie.

Fokus op en vier jou kind se suksesse en onthou dat alle kinders nie teen dieselfde tempo ontikkel nie. Dit sal dus nie voordelig wees om jou kind met ander te vergelyk nie.

Hierdie is 'n tyd van ondersoek, ontdekking en somtyds uitputting vir ouers en opvoeders! Daar is so baie om te doen, en tog so min tyd. Jy wil nie die eerste kritieke 5 of 6 jaar van jou kind se lewe omwag voordat jy met 'n skok besef dat jou kind 'n fisioterapeut, 'n arbeidsterapeut of 'n spraakterapeut nodig het as hy/sy die Grondslagfase bereik nie. Moenie wag vir daardie oproep nie. Vind eerder die tyd om met jou kind te speel en wees gerus dat die voordele van ontskatbare waarde sal wees.

Voorgestelde items wat kan gebruik word tydens spel:

Akkers, advertensies, balle, ballonne, boublokkies, boeke op 'n rak, doppies, knope, kaarte, stoele, horlosies, houers van verskeie groottes en vorms, kryte, dobbelstene, dominoes, vingers en tone, blomme, vrugte, eenbeentjie, blare aan 'n plant, deksels, skuifspelde, potlode, penne, Lego blokkies, biblioteekboeke, albasters, vuurhoutjies, geld, koerante, bladsye in 'n boek, wasgoedpennetjies, skoene, veters, ketels, sokkies, tou, toiletrolle, tandestokkies, speelgoed, groente, vensters, wol.

Ek het 'n paar items wat in die huis beskikbaar is gekies om te demonstreer hoe dit in spel gebruik kan word. Wissel asseblief die items wat gebruik word, af.

Die skep van speelruimtes

Is jy goed georganiseerd, netjies en is daar struktuur in jou benadering? Lê jou kind se speelgoed rond, of word dit op 'n spesifieke plek gestoor, bv. in 'n houer of 'n sekere vertrek in die huis? Waar laat jy jou kind toe om met spesifieke speelgoed te speel? Is skopfietse toelaatbaar in die sitkamer, of net buite?

Jy moet besluit watter reëls van toepassing is en dan daarby bly. Wat pas jou en jou familie die beste? Daar is geen vaste reëls in hierdie geval nie. Maak net seker om by die reëls te hou, wanneer jy daarop besluit het.

Konsekwensie voorsien die kind met sekuriteit en 'n roetine. Kinders funksioneer optimaal wanneer hulle bewus is van grense. Dit is wel moontlik dat hulle hierdie grense gaan toets!

Jy is jou kind se beste rolmodel. Speelruimtes kan geskep word, ongeag van die spasie wat tot jou beskikking is.

Struktuur en orde wakker nuuskierigheid en onafhanklikheid aan en bevorder sodoende 'n kind se selfvertroue. 'n Kind sal suksesvol ontwikkel indien hy weet wat van hom verwag word en waar om te vind wat hy nodig het.

Te veel beskikbare speelgoed en items kan lei tot sensoriese oorlading. Minder is meer! Soos 'n kind leer dat alles 'n plek het, word frustrasie uit die weg geruim. "As ek iets gebruik, moet dit teruggaan na dieselfde plek toe." Dit gaan 'n rukkie neem om 'n kind tot hierdie besef te bring, maar dit is die moeite werd. Dit neem 21 dae om 'n gewoonte aan te leer. Die beloning is groot indien jy bereid is om die nodige tyd hieraan te spandeer terwyl jou kind nog jonk is. Onthou om konsekwent te werk te gaan. Indien jy en jou kind beide bewus is daarvan dat die balle in 'n mandjie onder die bed gestoor word, gaan dit maklik wees om vir hom/haar die volgende vraag te stel: "Sal ons vandag met die blou of die rooi bal speel? Kies een en bring dit na my toe as jy besluit het."

Besit jy badspeelgoed, buitespeelgoed en bouspeelgoed? Is daar 'n plek of houer vir elke tipe speelding?

Maak gebruik van taal om te help met jou kind se suksesvolle ontwikkeling. Gerbuik taal wat die kind voor 'n aktiewe keuse stel bv. "Wil jy die poppe en karretjies wegpak voor badtyd?"

"Wil jy die boek wat ons gaan lees voor, of na badtyd uitkies?" Deur jou kind voor 'n keuse te stel, veroorsaak dat hy onafhanklik en belangrik voel.

Verander wegpaktyd in 'n speletjie. Indien dit pret is, gaan ek deelneem! Die kind sal jou as voorbeeld volg. Is jy, as volwassene, besig om deel te neem met 'n glimlag op jou gesig? Ja, en sy het selfs 'n liedjie wat sy elke keer sing as ons wegpak…

Wegpak, wegpak, ons is lief vir wegpak!

Voorsien jou kind van 'n veilige, skoon ruimte om in te speel. As jy 'n klein tafeltjie met stoele het waarmee jou kind kan speel, maak seker dat al die pote aan die grond raak. Dit is baie belangrik dat 'n kind se voete ten alle tye aan die grond raak terwyl hy sit, en nie in die lug swaai nie. Postuur is baie belangrik vir die versterking en ondersteuning van spiere. Soos jou kind ouer word en na 'n groter tafel toe kan beweeg, maak seker om sy voete met die klein badkamerbankie of telefoonboek te ondersteun.

Plak die papier waarop jou kind teken teen die tafel vas met Prestik® of kleefband. Dit anker die papier en verminder die frustrasie van 'n papier wat rondskuif.

Maak seker dat twee linkerhandige kinders langs mekaar sit aan die toegepaste kant van 'n tafel. Indien ek linkerhandig en jy regterhandig is, sal ons aan mekaar stamp as ons skryfhande tussen ons is.

Die grootte en dikte van kryte hang af van die ouderdom van die kind. Hoe jonger die kind, hoe groter en dikker moet die kryte wees. Indien die kind op 'n tafeldoek druk terwyl hy teken, maak seker dat die tafeldoek nie rondbeweeg nie. Dit kan lei tot frustrasie.

Wanneer kokipenne of penne met doppies gebruik word, maak seker om die doppie op die agterkant van die pen, voor die kind op die tafel neer te sit. Onnodige spanning word in die kind se spiere veroorsaak indien hy 'n doppie in sy ander hand vashou.

Stal die kind se kuns uit, en maak seker om die kuns periodies te draai. Kies 'n spesiale plek waar kuns uitgestal word. Ons, as volwassenes, stuur 'n baie belangrike boodskap na die kind, naamlik "Jy en dit wat jy doen, is vir my baie waardevol en belangrik."

Plaas alle speletjies en speelgoed in toegepaste houers. Hou roomysbakke, kartondose, margarienbakkies, mandjies ens. vir stoorplek. Merk die houers met prentjies en/of woorde sodat dit maklik is om te sien wat in die houer gestoor word. Is dit maklik om hierdie houers oop te maak en weer te seël? Indien nie sal die kind dit moeilik en frustrerend vind en moontlik die speletjie probeer vermy.

Wissel speletjies en speelgoed weekliks of gereeld af. Dit veroorsaak belangstelling, opgewondenheid en verseker dat jou kind aan 'n wye verskeidenheid speelgoed en speletjies blootgestel word wat verskillende vaardighede sal stimuleer. Onthou, 'Minder is Meer'!

Ruil speletjies, speelgoed, musiek en storie cd's uit met 'n vriendin. Jy mag vind dat jou kind se belangstelling in 'n spesifieke speelding weer geprikkel word nadat dit vir 'n wyle 'verdwyn' het.

Maak seker om ten alle tye 'n skinkbord te gebruik wanneer legkaarte gebou word. Indien die legkaart nie voltooi is nie, sal die kind weet om later terug te gaan om dit te voltooi. Wanneer die legkaart voltooi is, los dit in sig sodat ander sal sien hoe sukseslvol jou kind was om die legkaart te bou. Dit sal verseker dat hy belangrik voel!

◊ ◊ ◊ ◊ ◊